

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (5/11)

Justin Chadwick (11 Februarie 2011)

GESEGDE VAN DIE WEEK "In Scotland there is no such thing as bad weather- only the wrong clothes" Billy Connolly

KLIMAAT SPEEL 'n BELANGRIKE ROL

As 'n buitestaander die sitrusbedryf se vergaderings in Berlyn sou bygewoon het, kon hy verskoon word as hy sou dink dat hy by 'n weerkundige konferensie is - siklone, hael, wind, sneeu, vloede, ryp en droogte het alles 'n belangrike rol in die aanloop van die 2011 seisoen gespeel.

Swaar vloede in Australië het vir ongelooflike fotografie gesorg (die vloede het 'n oppervlakte gelyk aan die grootte van Duitsland en Frankryk saam bedek!!) tesame met menslike ellende. Dit na baie jare van droogte. En net toe die water begin opdroog, kom sikloon Yasi wat baie van die piesangs vernietig het en ook ander gewasse geaffekteer het. Gelukkig vir die Australiese sitrusbedryf was dit buite seisoen in daardie areas en as gevolg daarvan sal die impak beperk wees. In werklikheid kan binnelandse aanvraag na sitrus in 2011 positief beïnvloed word weens die vernietiging van mededingende produkte.

Die Valencia streek in Spanje het strawwe ryp op 26 Desember 2010 gehad en ook weer aan die einde van Januarie. Dit sal 'n invloed op volumes regdeur tot aan die einde van die seisoen hê - die skatting van Spaanse sagte sitrus is met 98 000 ton verminder (vanaf Januarie tot Junie 2011); lemoene is met 150 000 ton verminder; suurlemoene met 36 000 ton en pomelo's met 3 000 ton. Wanneer die vrugte wat deur die ryp geraak is, geoes word, sal 'n beter assessering op die bemarkbaarheid van die vrugte gedoen word. Israel het oor twee klimaatsverwante gebeurtenisse tydens hul seisoen berig - Junie tot November 2010 was baie warm - met temperature bo 20 °C tydens die nagte in November, dit het tot kleurprobleme gelei al was die interne gehalte goed. Die tweede gebeurtenis was 'n windstorm aan die einde van Desember 2010 waar winde van meer as 100km/uur oor drie dae aangeteken is. Dit het gelei tot windletsels en vrugte wat afgeval het. Die skatting van Israeliese sagte sitrus is met 9 000 ton verminder, lemoene met 5 000 ton en pomelo's met 4 000 ton.

Die erge sneeustorms in Europa tydens Desember wat 'n invloed gehad het op die wat in Europa en die VK wou gaan vakansie hou het weens vertraagde en gekanselleerde vlugte, het ook 'n impak op die aanvraag na sitrus in daardie markte gehad - met minder aanvraag en probleme om vrugte na die mark te vervoer. Boodskappe van die VSA is van twee ysige koue toestande en 'n droogte - wat die beskikbare volumes beïnvloed.

Suid-Afrika is nie deur die weergode gespaar nie – hael in die Senwes gebied (Groblersdal en Marble Hall area) sal beteken dat minder vroeë suurlemoene en nawels vir die mark beskikbaar is. Gelukkig het die skouspelagtige vloede in die Oranjerivier-streek nie 'n te ernstige invloed op die sitrus gehad nie - maar het 'n geweldige impak op die tafeldruif- en rosyntjiebedryf gehad.

Beide Uruguay en sommige gedeeltes van Argentinië het droë toestande ervaar wat op die hoeveelheid en groottes 'n impak sal hê.

MAROKKO

Hou hierdie plek dop! - Marokko het 4 miljoen sitrusbome per jaar gedurende die afgelope drie jaar as deel van die regerings se "Green Morocco" plan geplant. Die gevolge van hierdie groot aanplantings sal die mark binne 'n paar jaar tref. In die verlede was Rusland Marokko se belangrikste teikenmark. Daarbenewens is daar ook 'n groot binnelandse aanvraag na sitrus - maar nog steeds is dit baie sitrus wat in die mark in die toekoms beskikbaar gaan wees.

FRUIT LOGISTICA

Met die ruim ondersteuning van Departement Handel en Nywerheid (DTI) was Suid-Afrika in staat om 'n stalletjie op te sit wat selfs beter as die vorige jare was - dit was 'n miernes van bedrywighede en het die aandag van almal by die skou getrek. Stuart en Sandra (FPEF) was weereens die perfekte gashere en almal is met hartlike Suid-Afrikaanse gasvryheid ontvang - WELGEDAAN AAN ALMAL WAT DAAR WAS EN DIE SUID-AFRIKAANSE VLAG HOOG EN TROTS GEWAAI HET, en ek hoop dat julle almal 'n veilige en aangename reis terug na Suid-Afrika gehad het of sal hê. Nou moet ons al die beloftes wat ons by die skou gemaak het, nakom!

CGA ROADSHOWS

Volgende week is die begin van die CGA Roadshows. Dinsdag 15 Feb: 14:00 by Saamfarm, Vaalharts, N-Kaap. Woensdag, 16 Feb: 18:00 by Die Falls Gastehuis, Oranjerivier. Kontak vir Gloria by 031-7652514 vir meer besonderhede.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS.
VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**